# Maak só met weidingskanola

'n Leser lewer kommentaar op 'n onlangse berig oor weidingskanola en gee raad aan boere wat dit wil aanplant.

**EK** is bly om te sien soveel meer konstruktiewe berigte word oor kanola geskryf; ook dat hoër opbrengste moontlik is, soos gemeld is deur mnr. Phil Thomas, 'n Kanadese kanola-kenner, tydens sy onlangse besoek aan die Wes-Kaap (300 mm vog kan 3 ton/ha lewer; @ 250 kg/ha, of selfs meer, per 25 mm vog).

In die artikel "Die geheime van weidingskanola" (*LBW*, 18 Januarie) is daar 'n kassie "Leer by Australiërs". Ek wil bespiegel dat die buitelanders die idee van bewei-en-oes by Suid-Afrikaners gekry het, maar dat dit vinniger deur Australië se boere toegepas is. 'n Paar Suid-Afrikaanse boere sal kan sê ons weet en beproef dit. Hopelik help dit sodat meer boere hierdie voordele sal begin benut.



'n Leser gee raad oor hoe boere kanola kan laat bewei en steeds saad ook oes. FOTO: AMELIA GENIS

## MEER INLIGTING

Die stelling in *Kortom* in die bogenoemde artikel ". . . maar weiding moet nie blomvorming vertraag en opbrengs in gevaar stel nie", het verdere toeligting nodig. Daar moet onder meer 'n onderskeid getref word tussen somer- en winterreëngebiede. Onthou egter ook dat hoe vroeër daar geplant word, selfs in die Wes-Kaap, hoe meer geleentheid is daar om die kanola te bewei én te oes.

Byvoorbeeld: Mnr. George de Kock by Caledon het al weens droogte sy kanola met 12,5 skape per hektaar (1,5 kg voerinname per dag) bewei om voerkoste te bespaar. Hy het sy kanola in die eerste week van April geplant en toe in Junie en Julie bewei.

Nadat die vee teen einde Julie onttrek is, het die hergroei 1,5 ton saad per hektaar gelewer teenoor 1,8 ton/ha waar die kanola nie bewei is nie. Gestel die waarde van die beweiding (pleks van voer aankoop) is R1 500 per ton droëmateriaal, dan het De Kock in vandag se terme R1 688/ha as beweiding gekry, plus 1,5 ton saad per hektaar (@ R4 400/ton, dus R6 600/ha) = R8 288/ha; plus die waarde aan vleis (112,5 kg @ R21,50 = R2 419/ha) en wol wat die skape aangesit het in twee maande. Waar die kanola nie bewei is, was die inkomste 1,8 ton/ha (dus R7 920/ha), maar dan moes hy voer vir sy vee gekoop het.

Dieselfde neiging is verkry met 'n proef by Langgewens met 19 kultivars (in 2005). Die gemiddelde saadopbrengs nadat dit op nege weke gesny is, was 2,2 ton/ha, teenoor die ongesnyde opbrengs van 2,4 t/ha (variasie-koëffisiënt = 14,3%). Dit is dus duidelik dat die beweiding en oes van kanola meer inkomste lewer as die oes alleen, ten spyte van die effens laer opbrengs. Wat wél in gedagte gehou moet word, is dat meer stikstof ná beweiding toegedien behoort te word om die nadeel van beweiding op opbrengs te verminder.

Wat die somerreëngebiede betref, moet 'n mens kyk na mnr. Jan Scheepers by Bethlehem se resultate wat verkry is van 'n baster met 'n medium- tot lang groeityd wat begin Maart aangeplant is.

In verlede jaar se droë winter op 'n swakker grondtipe (sonder genoegsame opgebergde somervog), asook omdat die kanola teen 'n hoë plantestand geplant was, was die beskikbare grondvog min. Dus sou hergroei ná een beweiding se saadopbrengs in die droë winter riskant wees. Gevolglik is aanbeveel dat die kanola meer bewei word en dat Scheepers vir die somerreën wag vir 'n saadopbrengs.

## VELE BEWEIDINGS

Hy het deur die winter 60 weidae verkry met drie keer se beweiding met 56 KVE/ha. Die derde hergroei het 1,8 ton saad per hektaar in Desember gelewer; die vierde hergroei in Januarie het 30 weidae gelewer met 30 KVE/ha. Hoewel daar meer beweiding beskikbaar was, wou Scheepers die land gereed kry om koring daarop te plant.

Onder die tussenkop "Doen dit reg" in die bogenoemde artikel word gesê "(be)weiding verhoog die risiko van vrotpootjie-skade". Dit moet swartstamskade wees. Dit beteken dat 'n kultivar met goeie weerstand teen swartstam gekies moet word. (Kanola verbreek die siektesiklus van vrotpootjie, dus is daar onder meer die verhoging in koringopbrengs ná kanola. Dit geld ook *Fusarium* by mielies).

Wat planttyd betref, kan kanola selfs in Januarie of vroeër geplant word – hoe vroeër hoe beter, selfs in die Wes-Kaap. As dit in Februarie reën (soos vanjaar weer), kan kanola vir wei-en-oes geplant word. Dit sal 'n boer se hawer en ander weiding kans gee om goed te presteer. Selfs al kom daar 'n droë tydperk, is die herstel en groei vinniger as wanneer met reën geplant word, dus kan die langer groeityd die opbrengs, of selfs nóg 'n beweiding tydens die "groen droogte", bevoordeel. Daar is verskeie voorbeelde waar kanola al tot vyf maande se droogte oorleef het om steeds goeie resultate te lewer.

As 'n saadopbrengs ook verwag word, kan wintertipes nie in die Wes-Kaap gebruik word waar onvoldoende koue (ryp) voorkom nie. Dit geld ook die warmer kusgebiede in die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal.

Om die kwessie ten opsigte van beweiding en ryp te verduidelik: Om dieselfde rede dat koring eers van Mei tot Julie in somerreëngebiede aangeplant word, móét Australiese kanola-lentetipes met 'n lang groeityd wat voor begin April aangeplant word, bewei word. Dit is sodat die risiko van ryp kleiner is, maar veral sodat saad wat gevorm is, reeds verby die stadium van ontwikkeling is waar (laat) ryp dit sal laat vries en dus opbrengs benadeel.

Ryp tydens blomtyd kan wél sommige blomme laat afspeen, maar kanola het 'n puik kompensasievermoë, onder meer weens die lang blomtye, terwyl saailinge rypbestand is tot -9 °C.

Plant kanola altyd vóór die koringplanttyd en bly weg waar sulfoniel-ureas (SU's) gespuit is (selfs twee seisoene). Waar kanola koring moet opvolg, gebruik eerder Buctril (reg.nr. L3350, Wet 36 van 1947) en MCPA (reg. nr. L5793, Wet 36 van 1947), of Resolve (reg.nr. L8708, Wet 36 van 1947) op jou koring.

PETRUS FOUCHÉ
Hoof- uitvoerende beampte, PhytoFarming

Die menings wat op hierdie blad uitgespreek word, is dié van lesers. *Landbouweekblad* stem nie noodwendig daarmee saam nie.